

11 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 13:3-9, 18-23

Fokusgedeelte: Matteus 13:18-23

Watter reaksie toon jy op Jesus se prediking?

Dit gaan hier oor die verskillende soorte grond waarin die saad val en wat mense se reaksies op die evangelie aantoon. Jesus is die Saaier. Die saad is die verkondiging van die evangelie. Die grond waarop die saad val, is mense se harte. Mense se verhouding tot die Woord is die reaksie wat die Woord tot gevolg het.

- Daar is mense wat die Woord hoor, maar dit dadelik verwerp, omdat die Bose dit uit hulle hart neem. Dis die saad wat op die pad gesaai is.
- Daar is mense wat die Woord met blydschap aanneem. Dit skiet egter nie wortel nie. Sodra hulle geloof beproef word deur vervolging of verdrukking, word hulle afvallig. Dis die saad wat op die klipbanke gesaai is.
- Daar is mense wat die Woord hoor, maar dit dra nie vrug nie, omdat die bekommernisse, verleidinge van die lewe en rykdom hulle hart verdeel dat die Woord nie kan vrug dra nie. Dis die saad wat tussen die onkruid gesaai is.
- Daar is mense wat die Woord hoor en dit dring in hulle hart in en dit lewer 'n groot oes van geloof. Dis die saad wat op die goeie grond geval het.

Jesus leer dat nie alle mense sy Woord gaan aanneem nie. Alleen die uitverkorenes sal tot geloof kom, omdat God hulle harte vir die Woord oopgemaak het. Hulle is die goeie grond waarop die saad val.

Jesus spoor ons aan om sy Woord só ter harte te neem dat ons lewe getuig dat ons die goeie grond is wat oorvloedige vrug dra. Soms lyk ons geloof soos die saad wat op die klipbanke of tussen die onkruid gesaai is. Dan is dit nodig dat ons uit dankbaarheid dat Jesus ons die goeie grond gemaak het, deur gebed en Skrifstudie die grond weer omploeg of die beproewinge in ons lewe as bemesting sien, sodat ons geloofsoes ook dertig- of sestig- of hondervoudig kan wees.

Sing: Psalm 119:51 (Totius)

Ds. MAF Kruger (Alberton)